Rustenburg Gemeenskapskerk

3 Mei 2026

26 Zandstraat
Rustenburg 0299
www.rtbgkerk.org

Ds. Theo Möller - 066 2703086
Ds. Ernst Gottschalk - 072 3954554
E-pos / E-mail: rtbgkerk@gmail.com
Registration number: MPC: PBO 930046902

Hartlik welkom by die Kerk

3 Mei: Erediens - 09h00

Baie geluk aan Henro en Carol Huyser wat vandag hulle dogtertjie Alissa ten doop hou.

Werkersdag - Jou positiewe invloed as Christen

Werkersdag het sy oorsprong by die Amerikaanse werkers wat gestry het vir regverdige werksure. Op 1 Mei 1886 het meer as 300 000 werkers hulle werkplekke verlaat en geëis dat hulle 'n agt ure werksdag wil hê. Dit het hewige reaksie ontlok, wat op die "Haymarket Massacre" in Chicago uitgeloop het. Vandag word Mei-dag of Werkersdag geassosieer met vakbonde, sosialiste en kommunistiese groepe, wat optogte het om die werkers se behoeftes aan die wêreld bekend te maak. Die Christelike gemeenskap het egter al in die eerste eeu na Christus riglyne ontvang oor hoe die verhoudinge tussen werkers (destyds slawe) en werkgewers moes wees. "Doen julle werk met lus, soos vir die Here en nie vir mense nie!" hoor die slawe in Efesiërs 6:7. En die werkgewers moet daaraan dink dat die Here in die hemel beide die werkers en die werkgewers se Here is! En Hy trek niemand voor nie – almal is voor die Here gelyk (Ef 6:9). Groot woorde vir daardie tyd, toe die slaaf as die eiendom van sy heer beskou is. Daar is vandag steeds op talle terreine spanning tussen die werkersklas en die werkgewers. Christene, onder die gesag van hulle Here Jesus, burgers van Sy hemelse koninkryk, moet in hierdie wêreld die voorbeeld stel van goeie werksverhoudinge. Dit is nie altyd so maklik om in die kookpot van arbeidsonrus Christelik op te tree nie. Tog kan Christene van voetsoolvlak tot in die bestuurskringe die stem van Christus laat hoor. Regverdige betaling vir werkers wat getrou hulle arbeid verrig, veilige werksomstandighede en waardige lewensruimte vir selfs die laagste besoldigdes, is sekerlik ook ons Here se wil. Kom ons leef uit respek vir ons Here ons Christelike oortuigings uit – daar waar ons werkers of werkgewers is. Hy is die een wat "elkeen sal beloon as hy iets goeds gedoen het, of hy nou slaaf is of vry" (Efes 6:8).

i - toonbank in portaal vir:

- Nuwe lidmaat registrasie
- **Nuwe selfoonnommers, eposse en adresveranderinge**
- Inligting oor gemeente-projekte
- Inligting oor inskakeling by 'n omgeegroep,bediening, ens.
- Huisbesoek-afsprake
- Maandelikse dankoffer-reëlings
- Kategese program en registrasie
- Almanakke
- Karnaval kaartjies

Teebeurte - vakansie

26 April - Vrywilligers
3 Mei- Vrywilligers
10 Mei - Lewende stene

Verjaarsdae 26 April – 9 Mei 2026

27-Dawie Jv Vuuren
29-Ellis Keogh
30-Miemie Nel, Casper Pretorius

Mei

1– Lilly Bothlale
3-Theo Drescher (s)
4-JW Hasset, Jan Potgieter
René Buys, Darrioné vd Berg
5-Frans Jacobs, Johan van Dyk
6-Hantie Viljoen, Braydon Joseph
7-Lizaan Stols
8-André du Toit
9-Levy Makgathe

Jeugbediening

⇒ **Dit is vir ons 'n hoë prioriteit**
⇒ **Ons span doen uitstekende werk**
⇒ **Ondersteun hulle fonds - insamelings om hulle dienswerk te kan doen**

Dankoffers en bydraes

Ons Kerk se:
- instandhouding
- groei
- hulpverlening
kom @ 'n prys. Kan jy asb. maandeliks help?
Enige bedrag is welkom!

Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid

Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB
Tjekrekening: 62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van
***Kaart Fasiliteite by i-toonbank beskikbaar ***

Bou Kerk vir 'n R100 ekstra p.m.

- Ons gemeente het die vermoë en seëninge om dankoffers aan God te maak.
- Maar sekere maande van die jaar, is die dankoffers onverklaarbaar minder.
- Kom ons hou ons finansies stabiel sodat ons vreesloos kan kerk bou.
- As elkeen van ons elke maand R100 ekstra kan bydrae, kan dit vir ons gemeente die nodige stabiliteit gee, wat ons nie nou het nie….
- Ons is nou in die pylvak. Ons planne word eersdaags aan elke lidmaat vir oorweging en goedkeuring gestuur. Daarna wil ons bou!

Bid vir ons lidmate

- Hannetjie Barnard
- Nethy Havenga
- Breggie Opperman
- Marieta jv Rensburg
- Andrew Brown
- Eddie Rundle
- Gertie de Meyer
- Hennie Williams
- Gert Havenga